

Maandag

Rom.6: 12 – 23; 8:12 – 15; 12:1 – 1,2. Direkte Afrikaanse Vertaling: Teks Rom. 13 b: "Nee, as mense wat uit die dood lewend geword het, moet julle ... julle ledemate as wapens van geregtigheid tot beskikking van God stel." Tema: 'Ons bekeer ons deur ons self liggaamlik tot beskikking van God se diens te stel.' Soos die aarde twee soorte draaie om die son maak, bekeer ons elke dag op twee wyses. Ons GELOOF is wegkeer uit ons onregverdigheid, onheiligheid, skuld en veroordeling, en ons toekeer tot Christus is hoe Hy ons God se regverdige, heilige, onskuldige en verheerlikde kinders laat wees. Die tweede soort bekering beskryf Paulus as om nie jou ledemate tot beskikking van sonde te stel nie (dis wegdraai van sonde) én die regdraai deur jou ledemate as wapens van geregtigheid tot beskikking van God te stel. Hierdie tweede soort Christelike bekering is ook heeltemal 'n ander soort bekering as dié waarmee die Jode en alle geestelikes mee besig is wanneer hulle sondes bely en hulself tot die onderhouding van die wet verbind. Christene is met heeltemal iets anders besig as waarmee geestelikes besig is. Al twee groepe is besig om te besluit om weg te draai van sonde en te doen wat die wet van God vir hulle sê. Maar wat is dan die verskil? Wanneer GEESTELIKES van sondes tot 'n goeie lewe bekeer, is hulle met "oorgawe" besig. Wêreldwyd word hierdie oorgawe aan God "surrender" genoem. Geestelikes se bekering is altyd om te "surrender": jou oor te gee en te onderwerp. Wanneer GELOWIGES egter van sondes bekeer, stel hulle hulself tot beskikking van God. Die uitdrukking "tot beskikking van God stel", is die hoe Paulus Christene se wegkeer van sonde en toekeer tot God se wet, teenoor die Joodse bekerings beskryf. Om jou liggaam se ledemate tot beskikking van God te stel, is en kan nooit "surrender", onderwerping aan God wees nie. Ons bekering is hoe ons onself tot beskikking van God stel - nooit hoe ons aan God oorgee nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Rom.6: 12 – 23; 8:12 – 15; 12:1 – 1,2. Direkte Afrikaanse Vertaling: Teks Rom. 13 b: "Nee, as mense wat uit die dood lewend geword het, moet julle ... julle ledemate as wapens van geregtigheid tot beskikking van God stel." Tema: 'Ons bekeer ons deur ons self liggaamlik tot beskikking van God se diens te stel.' Die verskil tussen oorgawe, "surrender" en om ons tot beskikking van God te stel wanneer ons bekeer, is soos die verskil tussen straatkinders en kinders! Voor 'n straatkind sy toevlug tot 'n maatskaplike werker, sielkundige of pastoor neem, moet hy eers opgee op die lewe waarin hy ouersloos op straat op hom self aangewese was. Die rede vir opgee is omdat hulle stukkend, uitgebrand en uitkomsloos geword het. Deur tot een van hierdie ouerfigure te keer, beteken dat jy jou lewe as straatkind prysgee. Jy los dit met al die vryhede en wins wat met so ongebonde lewe as straatkind gepaard gegaan het. Dan kom die oorgawe: jy gee jou oor aan die mag van hierdie ouerfigure deur jou lewe se beheer om vir jou self te wil, te besluit, te reguleer en te dink, op te gee vir hulle wil, lewe, regulasies en idees. Daarteenoor: kinders is glad nie met oorgawe besig nie wanneer hulle na hul ouers toe gaan met die vraag: "Wat kan ek vandag vir pa en ma doen?" Hierdie toewyding om beskikbaar te wees, is nie 'n

oorgawe waarin hulle hul self prysgee om hulself leweloos, willoos, sonder selfbeheer en selfregulering hulle aan jou wil, besluite en beheer te onderwerp nie. Kinders se “surrender” sôu dan só geklink het: “Goed, ek het julle probeer vermy, maar nou het julle my in ’n hoek vasgekeer Ek gee oor. Wat wil julle hê moet ek doen?” Hierdie oorgawe is totaal iets anders as wanneer ’n kind kom vra: “Wat kan ek vandag vir pa-hulle doen?” Dit is presies juis hoekom Paulus hiêrdie begrip (“stel julle tot beskikking”) kies as die wyse waarop gelowiges hulle van sonde tot diensbaarheid bekeer: dit is nie ONDERWERPING deur oorgawe nie, maar DIENSBAARHEID deur beskikbaar te wees. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Rom.6: 12 – 23; 8:12 – 15; 12:1 – 1,2. Direkte Afrikaanse Vertaling: Teks: Rom. 13 b: “Nee, as mense wat uit die dood lewend geword het, moet julle... julle ledemate as wapens van geregtigheid tot beskikking van God stel.” Tema: ‘Ons bekeer ons deur ons self liggaamlik tot beskikking van God se diens te stel.’ Die verskil tussen bekering as oorgawe, “surrender”, of tot beskikking van God wees, gaan oor tot wie jy jou keer: tot geestelike vaderfigure of tot Jesus Christus? Wanneer Jode hulle na priesters en rabbi’s toe gedraai het, het hulle twee dinge met hierdie bekeerlinge gedoen:

1. Hulle het hulle ’n godservaring in die tempel gegee en
2. hulle lewenshandleidings gegee hoe om wat te doen.

Die Jode het die tempel, offers, versoeningsrituele en priesters, wat NET TEKENS was van wie die Christus sal wees, geestelike magsmiddels gemaak waarmee hulle God en sy versoening, liefde en krag mee bedryf het. In hierdie afgodsdienste het hulle godservarings geskep en bedryf: wat mense tempel toe bring maak hulle regte offers vir sondes, priesters maak hulle regte bemiddelaars tussen jou en God, die tempel maak hulle God se regte teenwoordigheid en rituele maak hulle magsmiddels waarmee hulle jou regtig God se versoening, vrede, geluk en voorspoed vir jou MEEDEEL. (’n Teken verwys na iets/lemand anders - dis nie die regte gebeurtenis/Persoon self nie). Na hierdie godservarings, gee hulle vir jou lewensgidse en lewenshandleidings. Die Jode se lewensgidse is tot vandag toe nog die “halakah”. Die woord “halakah”, beteken praktiese toepassings van die wet. Die Joodse geestelikes het geglo hulle moet die wet van God meer prakties, toepaslik en duideliker maak met hulle riglyne en voorskrifte van hoe jy die wet moet uitvoer. Sonder hulle praktiese toepassings van God se wet, die “halakah”, kan God se wet jou nie help of rigting gee nie. Wie “surrender” moet bekeer deur geestelikes se godservarings te beleef en hul praktiese lewensgidse uit te leef. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Rom.6: 12 – 23; 8:12 – 15; 12:1 – 1,2. Direkte Afrikaanse Vertaling: Teks: Rom. 13 b: “Nee, as mense wat uit die dood lewend geword het, moet julle... julle ledemate as wapens van geregtigheid tot beskikking van God stel.” Tema: ‘Ons bekeer ons

deur ons self liggaamlik tot beskikking van God se diens te stel.' Wanneer jy jouself na die Here Jesus Christus keer, kry jy glad nie godservarings of geestelike gidse wat vir jou die wet van God prakties maak nie. Jy kry iets heeltemal anders:

1. Jy kry 'n lewe in die liefde van God mét God (Rom. 6: 10) en
2. die gawe van die Heilige Gees wat jou lei! (Rom. 8: 15, 16)

Hierdie gawes is presies die teenoorgestelde van mekaar. 'n Lewe met God in sy liefde is géén godservaring nie en die gawe van die Heilige Gees is géén gids met riglyne hoe om God se wet prakties te maak nie. Dit is soos straatkinders en kinders verskil! Wanneer 'n straatkind homself oorgee aan 'n vaderfiguur, kry hy nie 'n ouer nie. Hierdie persoon sal en wil hom/haar nie as sy/haar eie kind aanneem nie. Hy/sy wil net 'n vaderfiguur of moederfiguur wees om vir hulleself die gevoel van ouers te gee en om vir die straatkind die gevoel van kindwees te laat kry - 'n ervaring van "ouers" sonder regte ouers! Maar kinders kry nie "ervarings" of "belewenisse" van ouers en kindskap nie. Hulle ouers is régtig hulle ouers en hulle is régtig kinders. Wat hulle van mekaar kry en gee, is liefde. Regte liefde van regte ouers en van regte kinders! Maar straatkinders kry van hulle vader- en moederfigure gidse met praktiese lewenslesse: hoe om wat, wanneer te doen om reg te leef! Regte kinders het regte ouers wat saam met hulle doen, en hulle self wys en leer hoe om dit saam met hulle te doen! Bekering tot Christus se wil is om in jou lewe met Hom, jou nie tot beskikking van sonde nie maar tot sy beskikking te stel: "Here wat kan ek vandag vir U doen?" In hírdie bekering is Hy God met jou en lei Hy jouself deur sy Gees. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Rom.6: 12 – 23; 8:12 – 15; 12:1 – 1,2. Direkte Afrikaanse Vertaling Teks Rom. 13 b: "Nee, as mense wat uit die dood lewend geword het, moet julle... julle ledemate as wapens van geregtigheid tot beskikking van God stel." Tema: 'Ons bekeer ons deur ons self liggaamlik tot beskikking van God se diens te stel.' Bekering by Paulus is gehoorsaamheid aan God se wet deur jou liggaamsdele, jou hande, voete, geslagtelikheid, jou ore, tong, oë, jou brein se idees en jou endokriene kliere se gevoelens, nie tot beskikking van sonde te stel nie, maar in diens van God. Christene bekeer deur liggaamlike diens, nie deur geesteswroeginge en geestesaandoeninge nie. Geesteswroegings en geestesaandoeninge is oorgawes aan God, om te "surrender". Oorgawe is hoe jy jou liggaamlike beskikbaarheid vir God prysgee om net 'n ervaring van Hom te voel, terwyl Hy nie God met jou is in wie se liefde jy leef nie. Hierdie geesteswroegings en aandoeninge word dan nou wapens wat jy teen jouself, en nie meer teen sonde nie, gebruik om jouself mee niks, leeg en waardeloos te maak, sodat jy goddelik kan wees, en nie meer liggaamlik mens vir God kan wees nie. Net so is bekering om te leef deur die leiding van die Heilige Gees, God wat in sy liefde met ons is. Romeine 8. Bekering is nooit om besig te wees met die nuwe sogenaamde praktiese vroomheid van geestelikes nie: 10 stappe hoe om te bid; 5 stappe hoe om gelukkig met God te wees; 4 stappe hoe om 'n vriendelike Christen te wees; 5 stappe hoe om 'n versoenende Christen te wees; 8 stappe hoe om 'n missionale Christene te wees; 12 stappe om soos Jesus te wees;

Ons bekeer deur onself tot beskikking van die Here te stel om sy wil te doen onder die leiding van sy Gees sonder geesteswroegings of praktiese handleidings of resepte. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus